# POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

No. 27
die Bloedhonde Blaf


GERRIE RADLOFF



Goernich stap weer stadiger en luister aandagtig, maar sy rug is op Kobus gedraai!

Kobus aarsel nie. Hy spring van die boom af weg en eers met die tweede sprong hoor Goernich hom. Die man swaai om, maar toe is Kobus al op hom en slaan hy soos 'n besetene met albei vuiste eers in die man se maag en dan na sy gesig. Amper indieselfde beweging gryp hy na die geweer en sy hele liggaam swaai om soos hy dit uit die ander se greep ruk. Hy het dit aan die loop beet en hou aan met swaai onderwyl hy die geweer in die lug opslinger. Goernich gil meteens en hy probeer koes, maar die kolf tref hom teen die skouer. Hy steier eenkant toe. Kobus ruk die geweer op en tref Goernich hard teen die kop. Die man slaan voluit op die sagte gronds neer en bly roerloos lê.

Stofomslag: Chris du Plooy



inhoud

Hoofstuk Bladsy

1. Die Eerste Skoot .................................... 3

2. Die Opdrag ..........................................22

3. Op die Spoor .........................................36

4. Bordjies Verhang ....................................46

5. Die Waters Dreun ...................................61

6. Gevaar in die Lug ..................................73

7. Die Laaste Skoot ...................................87



## DIE EERSTE SKOOT

Albert Goernich vou die legger netjies toe. Dan tel hy dit en die paar ander dokumente wat hy daar op die lessenaarblad uitgesprei het, op en hy swaai die flitslig se enkele sterk straal voor hom uit na die klein brandkas teen die muur. Hy skuif die dokumente daarin en stoot die swaar deur toe. Hy draai die knop met die talle klein syfers daarop 'n paar keer vinnig in die rondte en beweeg dan geruisloos oor die dik tapyt na die gangdeur toe.

Hier luister hy 'n oomblik aandagtig. Dit is alles stil in die groot huis en hy maak die deur vinnig oop. Dit swaai sonder 'n krakie terug en hy tree in die gang uit sodra hy vasgestel het dat dit nog altyd donker is. Die ligstraal van die flits maak 'n boog teen die oorkantste muur na die onderent van die gang toe. Dan skakel hy dit af onderwyl hy die deur agter hom toetrek en nog 'n keer in sy sak voel of die klein kamera veilig is. Sy regterhand gly in sy baadjiesak in en hy haal die swaar rewolwer met die knaldemper daaruit.

Selfs voordat hy besef dat die gang meteens helder verlig is, hoor hy die klik van die skakelaar. Hy trek sy asem in toe hy omswaai en die man daar aan die bo-ent van die gang sien staan.

,,Wat doen jy daar?'' kom die vraag skerp.

Albert Goernich se oë volg die man se hand wat blitsvinnig na die leerskede onder die baadjie op sy heup beweeg. Sonder aarseling korrel hy sekuur en met uitgestrekte arm.

,,Is jy. . .!'' Die man se woorde sterf op sy lippe. Hy probeer een kant toe spring, maar sy gelaatstrekke verslap en met dieselfde beweging slaan hy teen die muur aan en gly op die vloer neer.

Iewers in een van die vertrekke wat uit die gang lei, hoor Goernich voetstappe. Hy spring om en nael met die gang af na die bo-ent van die trappe. Hier skakel hy die flits aan wat hy nog altyd in sy linkerhand het, en met die skerp lig van die dun geel straal voor hom uit spring hy drie trappe op 'n keer na onder toe. Deur die

groot voorportaal snel hy na die voordeur toe. Agter hom hoor hy 'n verskrikte uitroep en dan harde voetstappe.

,,Brent. . . Brent is geskiet!"

Hy pluk die grendel terug en ruk aan die handvatsel. Die deur swaai na binne toe oop.

,,Daar is iemand by die voordeur!" Die woorde weerklink hard teen die trappe af en in sy ore.

Hy storm oor die stoep en met die lang oprypad na die straathek toe. Die gruis knars onder sy skoene.

Toe hy die hek oopruk en op die sypaadjie uithardloop, knal 'n skoot van die stoep af. 'n Koeël sing 'n hele paar tree van hom af verby en slaan teen houttralies aan die oorkant van die straat vas. Dan is daar voetstappe in die oprypad agter hom.

Hy hardloop al op die sypaadjie langs en om die eerste hoek. Sy motor staan ongeveer honderd tree daarvandaan aan die oorkant van die pad. Hy het die voordeur aan die regterkant nie gesluit nie. Hy is effens uitasem toe hy agter die stuurwiel inskuif en sy linkerhand bewe liggies terwyl hy na die sleutelgat soek.

Sy hande en voete gaan vinnig en presies deur die nodige reeks bewegings om die motor aan die gang te kry. Outomaties trek hy ook die knoppie uit om die ligte aan te skakel. Toe die bande van die swaar, swart Jaguar op die teer skree, stamp hy die ligskakelaar weer in. Tegelykertyd kyk hy in die klein spieëltjie en sien hy die dowwe gestalte van 'n man daar onder op die straathoek. Dit is moontlik dat hy die motor se nommer sou kon sien in daardie paar oomblikke wat die ligte aan was.

Albert Goernich brom binnensmonds. Hy het tog geweet dat iemand hom agtervolg en dat die man die hoek sou bereik voordat hy kon wegtrek. Dit was dwaas om die ligte aan te skakel.

Hy sny om die eerste hoek en skakel oor in die hoogste rat. Dan leun hy effens teen die kussing terug en ontspan. Dit maak nie veel saak nie. Hy behoort oor die hoogte en in Pretoria-Noord te kan wees voordat 'n oproep die polisiepatrolliemotors kan bereik. Daarna is die pad noordwaarts voor hom oop en hy twyfel daaraan of iemand hom so laat in die nag toevallig sal sien.





Die snelheidswyser raak kort-kort aan tagtig, maar hy ry doelbewus nie vinniger nie. Oorhaastigheid kan die aandag van 'n geregsdienaar op sy rondes trek. Die kragtige motor gly geluidloos deur die strate en dit is net die gesing van die bande wat hoorbaar is.

Albert Goernich sug. Dit is jammer dat hy hierdie onverwagte teenspoed moes ondervind op 'n oomblik toe sy groot taak so te sê afgehandel was. Gedurende die maande van voorbereiding wat dikwels sy geduld op die proef gestel het, is elke moontlikheid en besonderheid in aanmerking geneem. Die gewoontes van elkeen in daardie groot huis is noukeurig bestudeer. Van gereelde besoekers is aantekeninge gemaak en alle aankondigings van die Departement van Verdediging is fyn dopgehou. Van talle bronne is inligting verkry of gekoop en uiteindelik was dit amper maar 'n saak van instap, die klein kluis teen die muur waarvan hy die geheime kombinasie ken, oop te sluit en die dokumente te fotografeer.

Weer gly sy hand na sy linkerbaadjiesak waarin die klein apparaat rus. Op die dun swart spoel is afdrukke van dokumente met inligting oor elke weermagstasie, magasyn en ander verdedigingspunte van belang, en kaarte wat die ligging daarvan aandui.

Dit was sy opdrag om hierdie gegewens in die hande te kry en hy het volkome daarin geslaag. So volmaak sou die sukses van sy onderneming gewees het dat niemand in die wêreld behalwe hy self en sy medewerkers daarvan sou geweet het nie, was dit nie vir die onverwagte verskyning van die man daar in die gang nie! Aan die rewolwer in die skede op sy heup het Goernich afgelei dat hy 'n wag moes gewees het wat, sonder die medewete van diegene van wie hy sy inligting ontvang het, daar op diens geplaas is. Hy behoort hom vir so 'n moontlikheid voor te berei het want dit is selde dat daar so 'n algehele opsomming van die land se verdedigingsmaatreëls op een plek vergader word.

Maar Albert Goernich verwyt homself nie vir dié oorsig nie. Hulle sal nooit droom dat hy toegang tot die brandkas in die muur gehad het nie. As hulle dit oopmaak, sal hulle die dokumente en kaarte daar vind soos dit daar gelaat is. Die enigste afleiding

waartoe hulle sal kan kom, is dat hy moontlik die inligting probeer bereik het, maar dat hy nie daarin geslaag het nie en dat die wag betyds op hom afgekom het.

Daar bestaan dus geen twyfel dat hy wel in sy taak geslaag het nie. Hy glimlag. Rayder Brön is nog nie halfpad met sý werk nie, maar hy sal Albert nie langer hier kan hou nie. Sy deel van die werk is afgehandel. Hy is in elk geval moeg vir die siellose bestaan daar in die wildernis. Oor 'n paar dae behoort hy uit hierdie land te wees en op pad terug om 'n tyd lank te gaan ontspan en rus—die verdiende loon wat hom toekom. Hierna behoort hy hoog aangeskrewe te staan in die Diens en volgende keer sal hy heelwaarskynlik nie net deel van die vuil werk hoef te doen nie, maar sal hy in beheer wees van 'n onderneming net soos Rayder Brön in hierdie geval is.

Die sterk ligte van die Jaguar gooi 'n groot wit kol teen die koel dynsigheid van die nag. Weerskante van hom swiep bosse, heinings en telefoonpale in 'n onafgebroke vaal streep verby. Die snelheidswyser raak aan negentig

Albert Goernich steek 'n sigaret aan. Gedurende die opgewondenheid van die afgelope paar uur het hy skoon vergeet om te rook. Hy trek diep daaraan en dan dwaal sy oë na die wyser.

Hy is reeds 'n rukkie gelede oor die Pienaarsrivier en behoort nou enige oomblik deur Warmbad te gaan.

Toe hy die ligte van die dorp voor hom sien, haal hy sy voet van die versneller af. Hy weet hoe dit op hierdie klein plekkies gaan. Daar kan net 'n konstabel op nagdiens wees, wat niks daarvan sal dink om sy nommer aan te teken as hy teen 'n gevaarlike snelheid deur die strate jaag nie. Hy wil in elk geval nie graag enige aandag op die motor vestig nie, want Dreyer Jantz moet dit nog vanaand deur neem na Pietersburg, waar die nommerplate verander sal word.

Hy sien die klein polisiestasie aan sy linkerkant. Onder die blou lamp op die stoep en in die gloed van 'n elektriese lig wat deur die oop deur skyn, staan twee konstabels. Hulle kyk in sy rigting maar hy neem aan dat dit maar bloot nuuskierigheid is en uit ver-





veeldheid van die lang ure van hul nagdiens. Regoor die stoep sien hy beweging aan sy linkerkant. Hy kyk vlugtig in daardie rigting en toe hoor hy ook die een konstabel uitroep. Die man wuif en hardloop in die straat na sy kant toe.

Albert Goernich ry op sy gemak voort sonder om te versnel of om sy spoed te verminder. Sodra hy links uitdraai op die Nylstroompad, trap hy die versneller onder teen die vloerplanke vas. Die Jaguar ruk vorentoe en skiet deur die nag.

Daar is 'n frons op Goernich se voorkop. Hy probeer die konstabel se optrede ontleed. Moontlik wou die kêrel sy aandag op iets vestig—dalk brand net een van die ligte. Hy druk die ligskakel in en trek dit dadelik weer uit. Hulle brand albei.

Dan dring dit tot hom deur dat die man wat hom daar uit die huis agtervolg het, wel die nommer gesien het. Die polisie op Warmbad is natuurlik in kennis gestel—en dit sal beteken dat die pad vorentoe vir hom nou versper kan word.

Warmbad se polisie sal dadelik na Nylstroom telefoneer en hulle sal hom voorkeer. As hy net deur die dorp kan kom, sal geen polisiemotor hom inhaal voordat hy sy bestemming. . .

Skielik vloek Albert Goernich hard. As dit wel die geval moet wees dat die nommer van die Jaguar deur Pretoria nou in kennis sal stel dat die motor in daardie rigting op pad is, is Goernich se planne geheel en al in die war gestuur.

Tien kilometer onderkant Nylstroom moet hy met die dowwe plaaspad in die rigting van Hangklipberg links uitdraai. Sewe kilometer van die hoofpad af sal hy deur middel van die radio-apparaat wat hier op die agterste sitplek lê, met Rayder Brön in aanraking kom. Dan eers sal die motor by Goernich oorneem onderwyl Goernich self met die helikopter oor die berge terugvlieg.

Nou sal dit natuurlik alles onmoontlik wees. As hy agtervolg word, is daar geen sprake van dat die helikopter hom kan kom afhaal nie. As hy dan daarin slaag om deur Nylstroom te kom, sal dit dwaas wees om die volgende dorp te probeer haal. Hy sal in elk geval iewers moet uitdraai en agtervolging op die plaaspaaie pro-

beer afskud. Slaag hy nie daarin nie, sal hy die motor moet agterlaat.

Weer vloek Albert Goernich. Hy haat die woeste boswêreld in die onherbergsame berge. Om nou nog in die middel van die nag alleen en te voet daarin te moet vlug. . . Hy probeer die versneller dieper intrap, maar reeds bewe die snelheidswyser op honderd-en-tien.

Asof 'n swart sluier skielik daarvoor weggeskuif word, verskyn die paar ligte van die dorpie 'n kilometer voor hom. Hy dink aan die raadsaamheid daarvan om die motor se ligte af te skakel, maar hy besef dat hy dan nie 'n tree voor hom uit sal kan sien nie. Toe hy die dorp binnegaan, ry hy teen 'n snelheid van ongeveer 60 kilometer per uur.

Skaars het hy die eerste paar huise verbygegaan of hy sien die gestaltes 'n ent voor hom in die straat. Die volgende oomblik skyn die ligte van die Jaguar helder op die uniforms van die konstabels. Hulle staan in die middel van die straat en een van hulle wuif met 'n flitslig.

Links teen die sypaadjie voor die polisiekantoor staan 'n nuwe model paneelwa.

Albert Goernich trap die versneller in. Hy pyl reg op die konstabels af. Hy kan selfs die verskrikte uitdrukkings op hulle gesigte sien en dan duik hulle weerskante toe. Daar is 'n stamp en hy besef dat die regtermodderskerm een van die polisiemanne se voete moes getref het. Toe knal 'n skoot links van hom. Die ruit van die voordeur splinter uitmekaar. Hy kan nie agterkom waar die koeël vasgeslaan het nie.

Die Jaguar se bande skreeu om 'n draai. Terselfdertyd tref die helder ligte van die paneelwa hom terwyl hulle aangeskakel word.

Die groot pad is oop voor hom. Die snelheidswyser swaai om tot op honderd-en-tien. Albert Goernich sit gespanne oor die stuurwiel. Sy agtervolging is nou 'n voldonge feit.

Deur die spieëltjie sien hy die ligbaan en dan die skerp kol terwyl die paneelwa om die hoek uit die dorp kom. Hy oordeel dat hy egter reeds 'n halwe kilometer voorsprong het en hy behoort dit





steeds te vergroot.

Ongeveer sewe minute later lig hy sy voet van die versnellerpedaal af op. Hier iewers draai die plaaspad uit. Vorentoe langs die grootpad sal hulle hom inwag. Die volgende keer sal daar beslis nie net 'n paar mans in die straat staan nie. Hy het dus geen ander keuse as om die veld in te steek nie.

Die kronkelende, stamperige paadjie bestaan uit niks meer as twee spore nie. Dit word blykbaar taamlik dikwels gebruik, maar beslis nie deur luukse-motors wat so laag op die grond gebou is nie. Af en toe slaan die middelmannetjie teen die raamwerk vas, maar meestal is die grondoppervlakte sanderig en rig dit nie skade aan nie.

'n Ruk lank koester hy die vae hoop dat die polisie hom nie sien uitdraai het nie. Hy het selfs daaraan gedink om net 'n entjie te ry en dan stil te hou en die ligte af te skakel. Hierteen het hy egter dadelik besluit, want indien hulle wel agterkom dat hy van rigting verander het, sal hy dan net so in hul hande speel.

Die motor swaai gevaarlik. Hy klem die stuurwiel met albei hande vas en druk dit woes heen en weer om in die spore te bly. Die kragtige motor is hier uit sy element. Die polisiemotor sal teen 'n hoër snelheid oor die plaaspad kan vorder en die voorsprong wat die Jaguar daar op die breë teerpad steeds vergroot het, sal spoedig verdwyn.

Die dowwe flits van ligte tref sy oog in die spieëltjie. Hy kyk terug maar kan niks sien nie. Dan wip hulle weer te voorskyn en weet hy dat die polisiemotor reeds in die plaaspad ingedraai het.

Plek-plek moet hy sy snelheid tot 30 kilometer per uur verminder. Elke keer as hy die ligte van die polisiemotor in die spieël sien, lyk hulle vir hom veel nader. Die spanning styg in sy gemoed en in sy verbeelding wil dit voorkom asof die paneelwa veel vinniger aankom as wat werklik die geval is. Hy besef dat die Jaguar, wat op die oop pad vir hom sy redding kon gewees het, nou 'n las geword het. Hy sal nie met die motor kan voorbly nie.

Dit beteken dat hy sal moet uitspring en die boswêreld inhardloop. In die donker nag skyn die lig van 'n motor ver. As hy moet

stilhou, sal die polisiewa die afstand tussen hulle binne 'n minuut of wat kan oorbrug en teen daardie tyd sal hy heelwaarskynlik nog nie buite die rand van die dowwe ligkring kan wees nie.

Vlakvoor hom sny die pad tussen twee rotsblokke deur. Hy trap die remme skerp en vlak anderkant die rotse druk hy die Jaguar se neus tussen die bosse in. Die bande skop sandvlae teen die modderskerms vas toe hy die motor in trurat gooi. Hy swenk terug en hou tussen die twee rotse stil sodat die skerp ligte nou vol in die rigting van die naderende polisiemotor skyn.

Met koorsagtige haas spring hy uit. Hy trek die sleutel uit en dan ruk hy die ligskakelaar van die spatbord af. Hy pluk die agterdeur oop en gryp die radio-apparaat. Toe nael hy met die pad langs die donker nag in.

Hy kan nou die gedreun van die polisiemotor hoor. Hulle sal nie by die Jaguar kan verbysien voordat hulle die motor bereik en daar om heen gehardloop het nie. Selfs dan sal die motor nog 'n dowwe skaduwee in die pad afgooi en die helder ligte daar teenmekaar sal dit moeilik maak om die omgewing te verken. Dit sal ook geruime tyd duur voordat hulle die motor uit die pad kan kry en hulle sal nie kan verbykom voordat hulle dit gedoen het nie, want die rotse sal dit verhinder.

Toe die dreuning van die enjin vervaag en hy besef dat die polisiemotor tot stilstand gekom het, swaai hy uit die wapad en hardloop tussen die bosse deur. 'n Paar keer struikel hy en dikwels krap droë takke sy bene. Hy steur hom egter nie daaraan nie. 'n Koel sweet bars oor sy hele liggaam uit, maar sy gesig bly vuurwarm en sy asem jaag skroeiend deur sy keel.

Hy beweeg teen die rand van 'n effense helling langs. Daar agter hoor hy hoe 'n motor weer aangeskakel word. Toe hy op 'n lae bult uitkom, sien hy die polisiewa sowat 'n kilometer en 'n half van hom af stadig in die pad langs ry. Toe hou dit stil en draai om. Dit gaan terug in die rigting van die Jaguar.

Albert Groenich stap vinnig. Hy gun homself nie eens die tyd om die radio-apparaat wat in die leersakkie om sy nek hang, in werking te stel nie. Wat sal dit hom baat om met Rayder Brön in aanraking





te kom? Rayder sal niks doen om hom te help nie—niks wat hierdie groot onderneming van hulle selfs effens in gevaar stel nie. Maandelank het hulle reeds hul basis hier in die ruie boswêreld en tot nog toe is daar maar net 'n paar kraaie en nagape wat van hul bedrywighede bewus is.

Totdat hy 'n veilige afstand tussen hom en sy agtervolgers geplaas het, sal hy op sy eie moet voortgaan. Dit kan selfs beteken dat hy die basis te voet moet bereik en selfs dan sal hy moet sorg dat sy spoor nie gevolg kan word nie.

Sy spoor! Albert Goernich is deeglik opgelei vir sy werk. Daar is min in die verskillende vertakkinge van spioenasiewerk wat hy nie weet nie. Hy het 'n deeglike opvoeding gehad en het 'n intelligente verbeeldingskrag. In omstandighede soos hierdie twyfel hy nie daaraan dat daar van speurhonde gebruik gemaak sal word om hom op te spoor nie.

'n Eenvoudige oplossing soos om te voet te probeer deurdruk, is dus buite die kwessie. Hy sal ander metodes moet vind.

Sy bene is lam. Sy voete is seer, want die skoene begin skeef druk as gevolg van die ongelyke oppervlaktes waarop dit in die donkerte gedurig neerkom en dit skaaf hom. Sy oë brand van die poging om voor hom uit te kan sien. Hy steur hom nie veel aan die gekraak van droë takkies en blare onder sy voete of wanneer hy dit afbreek as hy teen die bosse aan skuur nie. Al trek die geluid ook ver, sal dit beslis nie sy agtervolgers bereik nie, want hy voel daarvan oortuig dat hulle sy spoor sonder die hulp van honde nie in die nag sal kon volg nie.

Die diep geblaf van 'n hond ruk soos 'n snerpende wind van onheil deur sy reeds oorspanne gemoed. Dan blaas hy sy asem hard uit by die besef dat dit van voor af kom. Heelwaarskynlik is daar 'n plaas digby. Dalk woon daar swart werkers in die omgewing en is dit een van hul brakke.

Die geblaf word harder. Hy ken honde en hou eenvoudig aan met stap. 'n Paar oomblikke later sien hy die donker bewegende skaduwee 'n paar tree voor hom. Die hond blaf steeds maar Goernich stap reg op hom af.